

Dinsdag 28 November

Skrifgedeelte: Lukas 15:11-24

Fokusgedeelte: Lukas 15:19-20; HK Sondag 31

In die Koninkryk: Barmhartige Vader of veeleisende Baas?

Met die gelykenis van die man met die twee seuns leer die Heilige Gees ons veral van die God die Vader. Hy is soos die vader wat die pad dophou en van ver af sy kind sien terugkeer. Sonder verwynt kry God sy terugkerende kind innig jammer, hardloop hom tegemoet, omhels hom, soen hom, versorg hom en vier fees.

Ons is geneig om oor God te dink asof Hy tipies soos 'n mens sal optree – met ten minste 'n stekie verwynt en beskuldiging soos “Jy kon ten minste 'n sms gestuur het dat jy nog lewe.” Maar nou dat God se liefde deur Christus aan ons geopenbaar is, weet en glo ons van beter. Die Heilige Gees herskep ons na die beeld van die Vader en ons dank Hom daarvoor.

Tog is dit so dat ons dikwels die fout maak om tot God terug te keer met 'n verkeerde voorstelling van hoe Hy is. Soos die jongste seun van die gelykenis is ons bereid om hard te werk om weer God se verlore guns (soos ons dit sien) te verdien. Ja, ons is selfs bereid om ons kind-status prys te gee en onself weer van onder af op te werk deur die “verbetering” wat ons/hy/sy (moet) “bewys”.

Dan moet ons liever weer ons eie hart ondersoek in die lig van hierdie gelykenis: Glo ek in God as barmhartige Vader of veeleisende Baas?

Sing: Skrifberyming 2-1 (19):5-7

Ds. JA (Johan) Schutte (Emeritus)